**Die Here sluit 'n verbond met Abram (OP145)**

**Gen 15:1-21**

**10 September 2023**

Laasweek het ons stilgestaan by Gen 14, waar daar 'n stryd was tussen die groep van 4 konings teen die groep van 5. Die groep van 4 het geseëvier en die inwoners en besittings van Sodom weggevoer, insluitend Lot. Abram het egter met die hulp van sy bondgenote tot die stryd toegetree, en daarin geslaag om Lot en al die ander gevangenes te bevry, en die besittings terug te bring. Met sy terugkoms na die oorwinning, het twee konings Abram ontmoet: die koning van Sodom, wat natuurlik die koning van boosheid is, asook Melgisedek, die koning van Salem, wat ook die Koning van Geregtigheid en die Koning van Vrede is, wat ook priester van God was, vir altyd. Die koning van Sodom het nie werklik iets gehad om aan Abram te bied nie – hy het hom die buit aangebied wat Abram teruggebring het, maar dit is twyfelagtig of hy werklik by magte was om dit aan Abram aan te bied. Daarteenoor het die koning van Salem wyn en brood gebring om 'n gemeenskapsmaaltyd met Abram te hê. Boonop het Hy Abram geseën, en aan hom verduidelik dat hy die oorwinning behaal het omdat die Here dit vir hom bewerk het, en daarom geprys moet word. Abram se respons teenoor die Koning van Salem was om 'n tiende van die buit aan hom te gee, terwyl sy respons teenoor die koning van Sodom was om niks van hom te wil ontvang nie, trouens hy het duidelik aan die koning van Sodom gesê: "Sluit my uit". Ons het daarop gelet dat die koning van Salem 'n voorafskaduwing was van die Here Jesus, en dat Abram die onderskeidingsvermoë gehad het om homself van die koning van Sodom te distansieer, en om homself eerder met die koning van Salem te identifiseer.

Vandag kom ons by Gen 15. Dit is 'n groot en belangrike hoofstuk in die boek Genesis, en selfs ook in die Bybel. Ons leer in hierdie hoofstuk van verdere grondwaarhede wat aan die hart van die Here se verlossingsplan lê. Ons sien dit as ons in gedagte hou dat Paulus in sy briewe aan die Romeine en die Galasiërs teruggryp na die gebeure in Gen 15. Ons sien dit ook as Jakobus in sy brief dieselfde doen.

Voeg hierby, dat ons 'n paar weke gelede uit ons bestudering van die geslagsregisters geleer het dat die gebeure rakende Abram een van die hoogtepunte in die openbaringsgeskiedenis is. Ons het gesien dit is 'n hoogtepunt veral omdat die Here met Abram (soos met Adam, Noag en Dawid) 'n verbond gesluit het. Dit is in Gen 15 wat die Here die verbond sluit (sien Gen 15:18). Maar dan moet ons direk byvoeg dat die sluiting van die verbond met Abram nie net die gebeure in Gen 15 insluit nie – dit het al begin in Gen 12 toe die Here Abram geroep het en aan hom beloftes gemaak het. Hier in Gen 15 formaliseer die Here egter hierdie beloftes deur formeel met Abram 'n verbond te sluit. In Gen 17 sal ons sien dat die Here toe die verbond bevestig het deur die byvoeging van die besnydenis as teken van die verbond, en in Gen 22 sal ons sien dat die Here die verbond met 'n eed bevestig het. Duidelik is dit 'n belangrike verbond. Boonop is dit so dat ons in Gen 17:7 lees dat hierdie verbond met Abram 'n ewige verbond is – dit is dus 'n verbond wat vandag steeds in plek is.

Nog 'n rede hoekom dit so 'n besondere hoofstuk is, is omrede ons hier tot 'n mate insig kry in die tydskale wat die Here in gedagte het om die beloftes aan Abram te vervul, asook oor hoekom die Here hierdie tydskale gebruik. Dit alles dra by dat ons 'n beter begrip ontwikkel van die verlossingsplan van die Here.

Soos ek hierbo aangedui het, is daar heelwat plekke in die Nuwe Testament wat na die gebeure in Gen 15 verwys. Ek beplan nie om vandag in detail daarby stil te staan nie – ek dink dit sal meer gepas wees as ons later in meer detail na die Nuwe Testamentiese perspektief kyk. Vandag fokus ek meer op die betekenis van die gebeure vir Abram, maar dan tog ook op die betekenis vir ons. Ek wil die

hoofstuk onder die volgende drie punte oordink: (1) Abram se geloof in die belofte van 'n erfgenaam, lei tot geregtigheid (Gen 15:1-6), (2) Abram se geloof in die belofte van die land, lei tot vrede (Gen 15:7-16), en (3) Die Here neem die verantwoordelikheid vir die vervulling van die beloftes (Gen 15:17-21).

<u>Abram se geloof in die belofte van 'n erfgenaam, lei tot geregtigheid (Gen 15:1-6)</u>

Lees Gen 15:1. Die vers begin met: "Na verloop van tyd". Ek stem saam met die kommentatore wat redeneer dat dit beteken Gen 15 se geskiedenis het na verloop van tyd na die gebeure in Gen 14 gevolg – d.w.s. na verloop van tyd na die ontmoeting tussen Abram en die konings van Salem en Sodom. Ons lees die woord van die Here het tot Abram gekom – let op dit is die woord van die Here, d.w.s. van die Verbondsgod, wat tot Abram gekom het. Die Here het in 'n visioen aan Abram verskyn.

Die openingstelling van die Here aan Abram was: "Moenie bang wees nie, Abram!" Die vraag is waarvoor Abram bang sou wees. Siende dat dit juis volg op Gen 14, kan ons aflei dat Abram waarskynlik bang was dat daardie groep van 4 konings van wie hy Lot en die ander gevangenes bevry het, wraak sou wou neem teenoor hom. Die Here het egter hier gesê dat Abram nie bang moet wees vir so 'n vergelding deur hierdie konings nie, want die Here is sy skild, m.a.w. die Here beloof aan Abram dat Hy hom sal beskerm en bewaar. Maar die Here beloof nog meer aan Abram – nie net sal Hy Sy skild wees wat hom bewaar nie, die Here beloof ook aan Abram 'n loon – en boonop sal daardie loon groot wees. Natuurlik dwing dit ons om te vra: Watter loon bedoel die Here? Wel, as ons Gen 12 in gedagte hou, dan moet ons sekerlik aflei dat die loon die vervulling is van die beloftes wat die Here alreeds daar aan Abram gemaak het, en wat Hy sedertdien verskeie kere herhaal het.

Lees Gen 15:2-3. Abram gebruik die geleentheid van die Here wat aan hom verskyn, om aan die Here sy bekommernis bekend te maak. In vers 2 vra Abram vir die Here wat Hy hom sal gee, want hy is kinderloos, en sy bekommernis is hy sal ook kinderloos heengaan, m.a.w. kinderloos sterf. Onthou nou, ons het in Gen 12:4 gesien Abram was alreeds 75 jaar oud, en in Gen 16:16 is hy alreeds 86 jaar oud. In Gen 15 is hy is dus iewers tussen 75 en 86 jaar oud – en hy is steeds kinderloos, en hy is reeds oud en hy kan menslik gesproke verwag om een of ander tyd te sterf. Abram maak ook aan die Here bekend dat hy al self oor die saak gedink het, en soos wat hy die saak sien, is die enigste moontlikheid dat as hy sterf sonder 'n eie kind, dan moet Eliëser van Damaskus, wat waarskynlik een van Abram se slawe was, maar sy erfgenaam wees – want sien, die Here het nou maar eenmaal nie aan Abram 'n nageslag gegee nie.

Kommentatore is dit meestal eens dat ons nie hier 'n opstandigheid van Abram teen die Here moet sien nie, maar eerder 'n opregte worsteling met die Here oor die feit dat die beloftes van die Here en die realiteit in sy lewe nie bymekaar uitkom nie. Abram wil graag die beloftes van die Here glo, maar hy pleit hier by die Here dat Hy tog sy ongeloof te hulp sal kom. Hy vra die Here vir duidelikheid: Is Eliëser sy erfgenaam, of nie?

Lees Gen 15:4. Hier is die antwoord van die Here: Dit is nie Eliëser nie. Dit is selfs nie iemand soos Eliëser nie, m.a.w. dit is ook nie 'n ander slaaf van Abram nie. Trouens, dit is selfs nie iemand wat alreeds lewe nie. Abram se erfgenaam sal een van sy eie fisiese afstammelinge wees. Lees Gen 15:5. Nou gaan die Here verder, en Hy bevestig weereens aan Abram dat Sy belofte van 'n nageslag nie beperk is tot 'n enkeling nie – nee, Abram moet groter dink as dit. Die Here het Abram buitentoe geneem, en vir hom die sterre aan die hemel gewys. Die Here het Abram uitgedaag om die sterre te probeer tel – dit is hoe groot Abram se nageslag sal wees – soos die sterre aan die hemel. Dit is in lyn met wat die Here in Gen 13:6 aan hom gesê het: dat sy nageslag so baie sal wees as die stof van die

aarde – wat ook ontelbaar is. Natuurlik weet die Here hoe groot die nageslag sal wees – maar Abram kan maar probeer tel – hy sal nie kan tel hoe groot sy nageslag is nie. Kidner verwys in sy kommentaar na hierdie gebeure, en dan sê hy die Here het hier 'n teken gebruik, naamlik die sterre aan die hemel, om Abram se geloof te versterk om sodoende 'n gevoel te kry, of om tot 'n mate te kan visualiseer, hoe groot sy nageslag gaan wees. Kidner sê dit is soortgelyk aan die tekens van die sakramente wat vir ons ook 'n gevoel gee, 'n belewenis gee, van die inhoud van God se beloftes aan ons.

Lees Gen 15:6. Abram het die Here geglo, en die Here het dit vir Abram as geregtigheid toegereken. As ons lees "Abram het die Here geglo", dan beteken dit dat hy die beloftes geglo het wat die Here aan hom gemaak het, en ook dat hy oortuig was dat die Here hierdie beloftes kan en sal nakom. Ons lees verder, die Here het dit, d.w.s. Abram se geloof, vir Abram as geregtigheid toegereken. Dit is natuurlik hierdie vers wat so dikwels in die Nuwe Testament aangehaal word: Rom 4:3, Gal 3:6, Jak 2:23. Ek wil nie nou ingaan op die Nuwe Testament se gebruik van hierdie stelling nie. Maar kom ons dink oor wat die inhoud van die stelling hier in Gen 15 is: Hier is 'n paar belangrike sake om raak te sien:

- Ons lees hier van 'n handeling van die <u>Here</u>: Dit is die Here wat Abram se geloof vir hom as geregtigheid toegereken het.
- Ons lees hier dat <u>Abram se geloof die basis</u> of die grond was vir die toerekening van die geregtigheid.
- Ons lees dat die Here aan Abram geregtigheid <u>toegereken</u> het, m.a.w. Abram is gekrediteer hiermee, hy het dit ontvang, dit is vir hom gegee – hy het dit nie gehad nie, en nou het hy dit.
- Ons lees dit was <u>geregtigheid</u> wat die Here aan Abram toegereken het. Wat is geregtigheid? Kom ons gaan terug na Gen 6:9. Daar het ons gelees: "Noag was 'n regverdige man, onberispelik in sy optrede tydens sy tydgenote. Hy het naby God geleef". Hieruit blyk dit: geregtigheid is om onberispelik en naby aan God te leef, sodanig dat God in so iemand behae het. Kom ons blaai na Ps 15 toe: Lees Ps 15:1-3. Hier word die vraag gevra: Wie mag 'n gas in die tent van die Here wees? En die antwoord is: die wat onberispelik leef en regverdig optree – dit is die wat van harte die waarheid praat, nie laster nie, nie sy medemens kwaad aandoen nie, nie sy naaste spot nie, ens.

Die punt is: Abram het die Here geglo. Omdat Abram die Here geglo het, het die Here (let op: dit is die Here wat handel) vir Abram toegereken (gegee, gekrediteer) met geregtigheid (onberispelikheid, dat hy sal doen wat die Here behae in het). Hier is die basis van die hele leerstelling aan die hart van die evangelie: Ons word geregverdig deur die geloof. Omdat Abram geglo het, het die Here vir hom geregtigheid toegereken. Omdat Abram geglo het, het die Here Abram gereken as iemand wat onberispelik is, want die Here het aan hom geregtigheid gegee. Natuurlik is daar nog baie wat gesê moet word oor presies hoe die Here die geregtigheid gee – dit is 'n onderwerp wat in latere verbonde en later in die openbaringsgeskiedenis uitgewerk word. Neem vir nou net kennis: dit het gebeur pas nadat Abram Melgisedek, die Koning van Geregtigheid, ontmoet het.

<u>Abram se geloof in die belofte van die land, lei tot vrede (Gen 15:7-16)</u>

Lees Gen 15:7-8. Die Here het hierna verder gegaan en Abram herinner aan daardie ander deel van Sy belofte aan hom: Die Here het hom uit Ur gelei om hierdie land, waarin hy nou gewoon het, in besit te neem. Ja, Abram was in die land, maar hy het nie die land besit nie – hy het nog net daar gewoon as 'n vreemdeling. Abram het die geleentheid aangegryp om ook wat hierdie belofte aanbetref, verdere versekering van die Here te ontvang. Hy het vir die Here gevra: "Hoe sal ek weet

dat ek dit in besit sal neem?" Weereens wou Abram die belofte van die Here glo, maar hy het die Here gevra om hom te help om dit te kan glo.

Lees Gen 15:9-10. Die Here het Abram geantwoord deur vir hom te sê om 'n verskalf, 'n 3-jaar oue bok, 'n 3-jaar oue skaapram, 'n tortelduif en 'n jong duif te bring – wat Abram dan ook gebring het. Op een of ander manier het Abram geweet wat hy met die diere moes doen – hy het die groter diere middeldeur gesny en die twee dele van die diere teenoor mekaar gelê. Hy het ook die twee duiwe teenoor mekaar gelê. Daar was dus 'n pad tussen die twee helftes van die diere. Ons weet nie presies hoe Abram geweet het dat hy dit met die diere moes doen nie – miskien het die Here dit vir hom gesê, miskien was dit algemene praktyk om so op te tree wanneer 'n ooreenkoms opgestel is.

Lees Gen 15:11. Soos wat mens sou verwag, het die opgesnyde diere wat oop en bloot gelê het, roofvoëls gelok. Maar Abram het die voëls weggejaag. Nou, ons weet uit vers 18, dat die Here hier op die punt gestaan het om 'n verbond met Abram te sluit. En wat ons moet raaksien in die roofvoëls se gedrag, is dat die sluit van 'n verbond deur die Here, teenstand wakker maak. Onthou, die Here was hier besig om bekend te maak hoe Hy mense gaan red, Hy het reeds bekend gemaak dat geloof lei tot geregtigheid – en die Here was hier op die punt om Homself te verbind om die verantwoordelikheid uitsluitlik op Homself te neem om dit te kan doen. Dit was ontstellend vir die duiwel en al sy aanhangers – onthou, daar is vyandskap tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel. Die duiwel sou enigiets doen om die sluit van die verbond te stop – want hy het verstaan as daardie verbond eers gesluit is, is daar geen kans vir hom om die gelowiges af te rokkel nie. Let ook op, Abram moes die voëls wegjaag. Gelowiges kan nie die stryd teen die duiwel vryspring nie.

Lees Gen 15:12. Teen sononder het 'n diep slaap, asook skrik en duisternis, Abram oorval. Dit lyk vir my, Abram het teen hierdie stadium begin verstaan wat op die punt was om te gebeur. Dit was destyds algemene praktyk om ooreenkomste te sluit volgens die manier wat hier besig was om plaas te vind. As twee partye 'n ooreenkoms wou aangaan, het hulle die bepalings van die ooreenkoms neergepen, en ook wat met elke party sou gebeur as daardie party nie sy bepalings van die ooreenkoms sou nakom nie. Abram het waarskynlik verstaan die Here is op die punt om met hom 'n ooreenkoms, oftewel 'n verbond, te sluit. En hy het nou al die diere middeldeur gesny – en die twee dele teenoor mekaar gelê. En Abram moes begin verstaan het waarheen dit gaan lei: heelwaarskynlik gaan hy tussen die stukke moet deurbeweeg, as teken dat hy so opgesny sal word as hy nie die bepalings van die verbond kan nakom nie. Meteens oorval 'n skrik en 'n groot duisternis hom. Hoe gaan hy aan hierdie bepalings kan voldoen? Ja, hy het sopas geregtigheid ontvang omdat hy geglo het, maar hy het sopas hy alweer in kleingeloof gevra hoe hy seker kan wees dat hy wel die land in besit sal neem.

Lees Gen 15:13-16. Maar toe het die Here met Abram gepraat. En die Here het verskeie dinge om aan Abram te sê: Abram moet verstaan dat sy nageslag vreemdelinge gaan wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie, m.a.w. in 'n land wat nie die beloofde land is nie. In daardie land gaan hulle die mense aan wie die land wel behoort, moet dien. Hulle kan boonop verwag om verdruk te word, en dit sal vir 'n periode van 400 jaar duur. Ons weet natuurlik dat die Here hier verwys het na die land Egipte, waarin die volk Israel vir meer as 400 jaar verdruk is. Maar, sê die Here, Hy gaan dan oor daardie nasie wat hulle verdruk, m.a.w. oor die Egiptenare, oordeel. En dan sal Abram se nageslag, ons weet dit is die volk Israel, uittrek uit daardie land met 'n menigte besittings. Ons weet, dit verwys na die uittog uit Egipte, nadat die Here die tien plae oor die Egiptenare gestuur het. Ons weet ook hoe die Israeliete baie besittings van die Egiptenare saamgeneem het met die uittog. In vers 16 gaan die Here dan verder, en verseker Abram dat die vierde geslag na hom, dit beteken rofweg oor 400 jaar, wel sal terugkeer na die beloofde land – onthou, Abram se vraag aan die Here was hoe Hy

kan weet dat sy nageslag wel die land in besit sal neem. Wat die Here nou aan Abram sê, is dat dit wel sal gebeur – maar dit gaan 400 jaar, of vier geslagte neem, voor dit gaan realiseer. Ek kan my heeltemal indink dat Abram ietwat teleurgesteld moes wees om drie redes: (1) So ek, Abram, gaan nie deel wees om die land in besit te neem. (2) Hoekom is dit nodig dat dit so lank moet duur? (3) Eintlik is hierdie nie 'n goeie antwoord op my vraag nie – ek wou sekerheid hê dat ek wel die land in besit sal neem, maar nou is die antwoord dit gaan nog 400 jaar neem. Dit is nou nog moeiliker om seker te kan weet dit sal realiseer.

Maar die Here het al hierdie besorgdhede van Abram aangespreek. Kom ons kyk eerstens na sy besorgdheid dat hy nie deel van die inbesitname gaan wees nie. In vers 15 het die Here aan Abram die antwoord op hierdie besorgdheid gegee: "Wat jou betref, jy sal in vrede na jou voorouers gaan en op 'n hoë ouderdom begrawe word." Wat Abram moes verstaan, is dat die beloftes veel groter is as wat hy in sy leeftyd sal beleef. Maar, al sou hy nie die fisiese inname van die land beleef nie, sou hy wel in vrede sterf op 'n hoë ouderdom. Ons het al in vorige preke opgemerk dat Abram begin verstaan het dat daar 'n groter dimensie aan die beloftes van die Here is wat Abram nie aan die begin besef het nie. Hier word dit nog verder duidelik aan Abram. Al sal hy nie die inbesitname van die fisiese land Kanaän belewe nie, sal hy in vrede sterf. Daardie vyandskap tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel, wat hy sopas gesien het met die roofvoëls, gaan nie sy vrede met die Here bedreig nie. Daardie geregtigheid wat hy ontvang het omdat hy geglo het, gaan hy nie weer verloor nie. Ja, hy gaan nie die fisiese vervulling van die inname van die beloofde land beleef nie – maar hy gaan in vrede sterf. As die Here oordeel hy gaan in vrede sterf, dan beteken dit tog seker dat hy in vrede met die Here gaan sterf. Onthou Rom 5:1: "Omdat ons dan nou op grand van geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus". Sien jy dit: geloof lei tot regverdigmaking, oftewel tot geregtigheid, en geregtigheid lei tot vrede. Dit is presies wat die Here aan Abram beloof – en dit is sekerlik meer waardevol as die fisiese inname van die land! Al gaan Abram dit nie fisies beleef nie, het hy reeds geregtigheid omdat hy geglo het, en hy gaan in vrede sterf. Maar let op wat Rom 5:1 sê: deur geloof word ons geregverdig en dit lei tot vrede met God – <u>deur ons Here Jesus Christus</u>. Onthou jy wie Abram in Gen 14 ontmoet het? Melgisedek, die Koning van Geregtigheid, die Koning van Vrede – die voorafskaduwing van Jesus Christus. Abram het Hom ontmoet, Hom omhels, aan Hom 'n tiende van die buit gegee – en nou ontvang hy geregtigheid en vrede! Deur geloof word ons geregverdig en dit lei tot vrede met God – deur die werk van Melgisedek, die Koning van Salem, die Koning van geregtigheid, die Koning van Vrede, deur ons Here Jesus Christus! Ja, Abram gaan die fisiese inname van die land misloop, maar dit is maar net 'n afskaduwing van die werklike inhoud van die beloftes van die Here – hy ontvang geregtigheid en vrede, en daarom gaan hy deel hê aan die eventuele volledige vervulling van die beloftes van die Here – daardie stad met fondamente waarvan God self die argitek en boumeester is (Heb 11:10).

Kom ons dink oor Abram se tweede beswaar. Hoekom is dit nodig dat die inbesitname van die land so lank moet duur? Hoekom moet dit 400 jaar duur? Die Here se antwoord op die vraag is in vers 16b: "Want die Amoriete se sondeskuld het nog nie sy volle maat bereik nie." Onder die Amoriete moet ons al die inwoners van die beloofde land insluit. Die inname van die land sal gepaardgaan met die uitroei van die huidige inwoners van die land. En die Here stel die inname van die land uit vir 400 jaar sodat daardie inwoners die geleentheid sal hê om hulle intussen te bekeer. Indien nie, sal hulle sondeskuld dan sodanig wees dat die Here hulle gaan uitroei deurdat hulle vernietiging saam sal val met die inbesitname van die land. Dit is soortgelyk aan die periode van 120 jaar grasie voordat die vloed in die tyd van Noag gekom het. Wat Abram dus moes verstaan, was dat die vervulling van die beloftes van die Here ook gepaard geen met oordeel oor die wat nie deel is van sy nageslag nie. Netsoos die inname van die land vir die volk Israel beteken het hulle gaan die rus van die Here in, het dit vir die inwoners van die land hulle oordeel beteken weens hulle volharding in sonde. Op 'n

soortgelyke manier sien ons uit na die wederkoms van die Here Jesus. Dit sal vir die gelowiges die punt wees waar hulle in die rus van die Here ingaan, maar dit sal ook vir die ongelowiges hulle finale oordeel wees weens hulle volharding in sonde. Maar, Abram gaan sterf lank voor daardie dag. Netso gaan baie gelowiges sterf voor die volle vervulling van God se beloftes. Maar Abram en hierdie gelowiges gaan met geregtigheid en in vrede sterf. En sê Heb 11:39-40: "En alhoewel daar oor al hierdie mense vanweë hulle geloof met lof getuig is, het hulle nie die belofte ontvang nie, aangesien God iets beters vir ons voorsien het, sodat hulle nie sonder ons volmaak gemaak sal word nie". Al die gelowiges, insluitend Abram, sal met Jesus se wederkoms gelyktydig die volle vervulling van die beloftes van die Here ontvang – wanneer die Nuwe Jerusalem vanuit die hemel na die nuwe aarde neerdaal (Op 21:1-2).

<u>Die Here neem die verantwoordelikheid vir die vervulling van die beloftes (Gen 15:17-21)</u>

Abram het 'n derde besorgdheid gehad: Hy wou sekerheid hê dat hy wel die land sou ontvang. Maar nou blyk dit dat dit 400 jaar gaan neem, en hy gaan dit nie beleef nie. Dit word nou nog moeiliker om te bly glo dat die land in besit geneem sal word. Lees Gen 15:17-21. Vers 17 sê toe die son ondergaan en dit skemerdonker was – toe het daar die rook van 'n oond en die vuur van 'n fakkel tussen die stukke diere deurbeweeg. Rook en vuur. Wat beteken dit? In Eks 19:18 is die volk by die berg Sinai, en dan lees ons: "Die hele berg Sinai het in rook gestaan, omdat die Here in vuur daarop neergedaal het. Die rook het opgestyg soos rook uit 'n oond. Die hele berg het hewig geskud." Die rook en vuur wat deur die stukke deurbeweeg het, beteken dit was die Here wat tussen die stukke deurbeweeg het. Waar was Abram op daardie stadium? Vers 12 het gesê 'n diep slaap het hom oorval – hy was beangs en het duisternis beleef – omdat hy verstaan het die Here is besig om 'n verbond te sluit (soos wat vers 18 nou bevestig). Maar Abram was beangs omdat hy verstaan het dat die partye wat die verbond sluit en wat deur die stukke beweeg, erken dat hulle so opgesny sal word as hulle nie die bepalings van die verbond nakom nie. Dit maak Abram bang – want hy ken homself – immers hy het net in hierdie ontmoeting met die Here al twee keer gevra: Kom my kleingeloof te hulp! Maar dan oorval 'n diep slaap Abram – en die Here beweeg alleen tussen deur die stukke diere. Die Here het daarmee gesê: "Die verantwoordelikheid rus op My. Al die verantwoordelikheid rus op My!" Abram worstel met: "Maar hoe sal ek weet dat ek dit in besit sal neem?" En die Here antwoord deur alleen tussen die stukke deur te beweeg: Die Here verbind Homself daartoe dat Hy sal sorg dat Abram se nageslag wel die land in besit sal neem. Indien dit nie sou realiseer nie – is die Here bereid dat Hy opgesny word soos die diere, effektief beteken dit dat die Here dan sal sterf – hoe ondenkbaar dit ook mag wees. Maar dit is hoe seker die belofte van die inname van die land is. Abram, dit is hoekom jy kan seker wees: Want die Here het alleen tussen die stukke deur beweeg.

Verstaan jy hoekom die verbond met Abram die verbond van die belofte genoem word? Verstaan jy dat hierdie verbond 'n genadeverbond is? Verstaan jy dat hierdie verbond 'n ewige verbond is? Immers sou die fisiese inname van die land nog 400 jaar duur. Maar selfs daardie inname was maar net 'n voorafskaduwing van die volle vervulling van die belofte – die Nuwe Jerusalem op die nuwe aarde! Die Here het 'n verbond gesluit met Abram, so seker as wat Hy deur die stukke beweeg het, so seker sal daar 'n Nuwe Jerusalem op die nuwe aarde wees, en daardie Nuwe Jerusalem is die ware nageslag van Abram.

<u>Opsomming</u>

Ek som op. Abram worstel oor die stadige vervulling van die beloftes van die Here. Die Here bevestig aan Abram die belofte van 'n groot nageslag deur aan hom die sterre van die hemel te wys. Abram glo dit. Die Here reken hom dit as geregtigheid. Dan worstel Abram oor die belofte van die inname van die land. En die Here sê dit sal gebeur – maar eers oor 400 jaar, en Abram gaan nie fisies daar

wees nie. Maar Abram sal intussen in vrede sterf. Maar die Here verbind Homself tot die inbesitname van die land deur alleen tussen die stukke diere deur te beweeg – Abram se nageslag sal die land inneem – die Here is verantwoordelik om dit te laat gebeur.

Ek hoop jy sien hoe ons al meer van die Here se verlossingsplan leer. Ons het al vantevore geleer: Omdat Abram uitgekies is, is Hy deur die Here geroep. Toe die Here hom geroep het, het hy die Here geglo en hom bekeer en getrek. Nou sien ons luis nadat Abram die Koning van Geregtigheid en Vrede, wat ook 'n Priester was, ontmoet het en omhels het, ontvang hy geregtigheid en sal in vrede sterf. Maar intussen gaan die vervulling van die beloftes van die Here voort – Abram se nageslag sal groei deur die werk van Melgisedek, die Koning van Salem, hulle sal ook geregtigheid en vrede ontvang, en ook sterf. Soos wat hulle sterwe, vergader hulle almal saam op Sionsberg in die hemel, waar hulle wag – tot die einde, tot die volle nageslag van Abram daar is. Wanneer die einde kom, sal hulle almal saam die volle vervulling van God se beloftes beleef – wanneer hulle as die Nuwe Jerusalem neerdaal na die nuwe aarde toe. Ons kan seker wees, dit sal gebeur – want die Here het 'n verbond met Abram gesluit – Hy het alleen tussen daardie stukke diere deurbeweeg. Die Here sal toesien dat dit gebeur!